

Die Sierduif The Fancy Pigeon

November 2021



Jan en Annette Labuschagné.
Lees Jan se lewensverhaal
binne




Op hulle trouedag



Jaundre ons oud-
ste kleinseun



Markus
die
jongste



Ruben die 2de outste



Ek en
ons enig-
ste klein-
dogter
Anika

Indeks / Index

Editors Page / Redakteur se blad	2
Redaksioneel / Editorial	2
Geskiedenis van Jan Labuschagné	3
My duiwe boerdery - Jan Labuschagné	6
Noordkaap lede - Seppie Esterhuizen	7
Noordkaap - Kimberley - Rudi Viviers	11
Squieeker skou - Marleen Esterhuizen	13
Genetics 101 - Charl Cillie	18
Juniors in die SASV - Attie van Aswegen	21
Scoreboard and Rules	22

Birthdays

J010 - Celest van Zijl	- 01-Dec
D051 - Charles Swartz	- 01-Dec
J030 - Ertjies van Tonder	- 03-Dec
D011 - Dean Dreyer	- 09-Dec
D052 - Keanu van der Linde	- 15-Dec

H085 - John Germishuys	- 15-Dec
V053 - Schalk Strauss	- 15-Dec
K009 - Nico van Pletzen	- 16-Dec
B094 - Riaan van der Linde	- 18-Dec
W019 - Matt Willemse	- 19-Dec
W073 - Danie Fourie	- 19-Dec
N046 - Micheal Frey	- 20-Dec
H072 - AJ vd Walt	- 21-Dec
A026 - Nico vd Westhuizen	- 23-Dec
G003 - Elbé Visser	- 23-Dec
G045 - Leendert Snyman	- 25-Dec
W007 - Gawie Gertenbach	- 26-Dec
K040 - Johan Botha	- 27-Dec
C036 - Charl Naudé	- 28-Dec
W017 - CD Cillie	- 29-Dec
V029 - Wietz van Zyl	- 29-Dec
B090 - Shaun Smeda	- 29-Dec
K014 - Johnny Rudman	- 30-Dec

Thuringian Goldbeatle



Thuringian Shield



Thuringian Goldbeatle



Thuringian Swallow



Thuringian Whitehead



Thuringer Whitetail



President

Chris de Bruin

Tel: 012 819 1594 (na ure)
012 420 0181 (kantoor ure)
e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za or tiaandebuin@hotmail.com

Sekretaris

Peet Botha

Sel: 082 467 0996
e-mail: peetsandra@vodamail.co.za

Februarie 2020



Die geskiedenis van Jan Frederik Labuschagne gebore op 14 Augustus 1953

In die Moedersbond kraaminrigting te Pretoria. Die eerste huis waarvan ek iets onthou was in Pretoria-Wes waarna ons getrek het na Riviera agter Meintjieskop. Daar is my enigste broer genaamd Daniel gebore op 15 November 1957. Gedurende 1958 verhuis ons gesin na Rietfontein ook in Pretoria

My eerste skooljaar gebeur in 1960 en ek word ingeskryf by Paul Kruger Laerskool te Pretoria-Wes sodat ek na skool by my grootouers kon




Van Links na regs agter: My skoonseun Johan Joubert, my dogter HuiBRECHT, My seun Pieter en sy gewese vrou Charlotte, ekself en my vrou Annette en ons jongste seun Johan. Voor is my ma Anna

bly. Gedurende die eerste kwartaal was ons as gesin in 'n motor ongeluk wat my ouers sonder 'n voertuig gelaat het en moes ek van skool verander na Eben Swemmer laër in Rietfontein. My ouers was toe reeds besig om vir ons 'n nuwe woning in Morelettastraat Silverton te laat bou en toe die huis klaar gereed was om in te trek moes ek weer, steeds in graad 1 van skool verander naamlik na Silverton Laër. My Suster Riana is ook daar gebore in 1962. Ook in daardie jaar het ek mantelvlies ontsteking opgedoen en was vir 'n maand lank siek en

in die bed,

Geurende 1962 verkoop my vader die huis en trek ons na 'n ander gekoopte huis in Fonteinweg Silverton. Hier het 'n ding gebeur wat ek seker nooit sal vergeet nie. My vader en van ons vriende was besig om aan ons motor herstelwerk te doen toe 'n swartman by die bure se werf instap by die stryk-kamer ingaan en die bediende wat besig was om te stryk skiet in die bors. Die polisieman wat oorkant ons gewoon het se vrou het gesien wat gebeur en haar man gekontak. Die polisieman het daar aangekom nadat die skietter himself uit die voete gemaak het en my vader gevra of hy 'n vuurwapen besit en nadat my vader dit bevestig het hom gevra het om saam te gaan en die man te probeer opspoor. Hulle het hom gesien waar hy besig was




My oorlede Pa Jan

Op die 6de Desember 1971 begin ek werk by die Mielieraad in Pretoria waar ek in diens gebly het tydens my militêre opleiding vanaf 6 Julie 1972 tot 15 Junie 1973. Ek het na diensplig weer by die Mielieraad in die tuig geval tot die einde Junie 1974. Gedurende 1974 op 20 Februarie het ek my vrou Annette ontmoet.

Daarna het ek 'n pos aanvaar by die Bantoe Bellegings Korporasie waar ek gewerk het tot 30 September 1975. Toe ek en my vrou wou trou het

ons besluit om ons in Nelspruit te gaan vestig waar sy groot geword het en het ek op 1 Oktober 1975



Mnr Jan Labuschagne, van Hermansburg, met een van sy Hollandse kropduiwe. Hy is baie lief vir dié pragtige voëls en kan ure by hulle in die hokke deurbring.

by die Stadsraad van Nelspruit begin werk. Kort na ons huwelik het ek weer begin stoei wat vir 19 jaar lank deel van my lewe was en het in 1978 hier in Suid-Afrika teen die verteenwoordigers van Duitsland en Switserland my internasionale buiging gemaak. Ek het ook Suidoos-Tranvaal en gekombineerde provinsies kleure op die stoemat verkry.



Wyle Oom Gert Bierman en Jan Labuschagné

In 1980 is ons oudste seun Pieter op 7 Februarie gebore en het ek my stoeilooibaan vaarwel geroep. Ons enigste dogter genaamd Huibrecht

word op 30 Augustus 1982 gebore en ons jongste seun Johan op 3 April 1986.

Duiwe was van kleins af maar deel van my lewe, aangesien my vader maar altyd duiwe in sy hokke gehad het vandat ek kan onthou. Ek kan onthou



Die drie "main" manne van Oostelike streek, Jan Labuschagné, At van Jaarsveld en Dirk Scholtz

hoe ons in Silverton verskeie soorte sierduiwe in die hok gehad het en hoedat van die duiwe 1 nag uit ons hok verdwyn het. 'n Paar dae later het ek van die skool af huis toe geloop en my pa se duiwe in iemand langs die pad se hok gesien het. By navraag het die volgende stories uitgekome: Die bure wat agter ons gewoon het se seun was die kwaaddoener, het my pa se duwe gesteel en by die ander mense gaan ruil vir 'n ander duiwe ras en die weer aan my pa kom verkoop.



Jan Labuschagné en Jerry Sindelaar

'n Ander storie was dat ons as familie een naweek op die plaas gaan kuier het toe ek so 7 jaar oud was. Daar was onder andere 'n dam waarop eende rond geswem het. Ons is na ons kuier huis toe en ek is die volgende dag skool toe. Die aand toe my pa na werk tuis kom is hy soos sy gewoonte was duiwe hokke toe. Daar aangekom kry hy verskeie klein deifies wat vrek op die vloer van die hok lê. By nadere ondersoek was almal papnat en kom die

storie uit dat my broer Daan en die bure se seuntjie die dag die klein duifies laat swem het soos die klein eendjies op die plaas.



Jan se laaste SA Kampioen Hollandse Kropper

Gedurende 1967 ontmoet ek op skool vir mnr Nlco Mentz wat op daardie stadium 'n lid van die SASV was en groei my belangstelling in die duive weer van voor af. Soos dit maar is met jong manne het die duive sport met my grootword bietjie agteruit geboer en het ek na skool tot in 1976 geen duive aangehou nie. Op 20 Desember 1975 is ek en Annette getroud en het ek in 1976 my eerste hok gebou hier in Nelspruit. Ek het oorspronklik duive by 'n oom Greef wat by die Stadsraad saam met my gewerk het, spierwit en pik swart Norwich Croppers gekoop en begin boer maar nog nie by die SASV aangesluit nie. Gedurende 1978 bekom ek 'n stoet Hollandse Kroppers van wyle Ds Malan en word ook lid van die SASV. Die Hollanders was 'n groot groep swart en 'n paar rooi en ook geel almal Roek in kleur.

In 1984 verkoop ek die stoet aan wyle Daan Strydom en was daarna tot 1993 sonder duive terwyl ek vir my Engelse veghoender kappokkies aangeskaf het. Gedurende 1993 het ek egter weer met die duive begin nadat Wikus van Niekerk 'n kennisgewing teen die muur van die winkelkompleks, waar ek my slaghuis gehad het, aangebring het waar mense wat in sierduive belangstel gevra word om hom te kontak. So het ek toe met Naas

Du Preez kennis gemaak en het ons klomp op aanbeveling van Naas 'n stoet Modenas vanaf Natal Laeveld toe gebring het. In 1997 het die Modena standaard na die Amerikaanse standaard verander en het ek my stoet aan iemand verkoop wat dit graag wou hê. (Binne 3 maande is daardie klomp duive egter aan die plaaslike diere winkel verkoop en is deur dié aan iemand in Mosambiek verkoop).



Agter van links is Gert Gerber, Louis Meyer en John Calitz. Voor sit Oom Gert Bierman, Jan Labuschagne, Oom Dries heidenrich en Wikus van Niekerk

Op die 24 Augustus 1997 het ek en Wikus van Niekerk na Randfontein gereis na Piet Venter en ek het my 1ste Hollands Kroppers by hom gaan koop. Daar was 7 duive en ek het 3 duive vanaf oom Apie Reinecke bekom nog die selfde maand en ook 3 vanaf Pieter Neethling op Oudtshoring.



Van links is Naas du Preez, Johan Kruger, Louis Koen, Anton kruger en 'm onbekende lid.

So het van my ou stoet wat ek aan Daan Strydom verkoop het weer vanaf Piet Venter hulle terugkeer na my hokke gemaak. Ek het begin teel en teen die einde November het ek 26 Hollanders in my hok gehad. Toe kom die 30ste November, die dag wat ons die Oos Transvaal streek se afsluitings funksie by Dirk Sholtz se huis gehou het. Daar was 'n donderstorm en toe ek die aand by die huis kom en

die motor se ligte gaan oor my werf, toe sien jy net stukke duiwe rond lê. Die hok se hek het tydens die storm oopgevaai en die boerboel het fees gevier. Toe het ek weer net 13 duiwe oor en moes ek van voor af begin teel.



Van links is Susan Jordaan, Louis Koen, Louis Meyer en Jan Labuschagné

Gedurende 2004 het ek Nasionale kleure vir Administrasie in die duiwe sport verwerf en in 2016 as duiweteler. Ek is 1 van die min duiweboere in Suid-Afrika wat die prestasie slegs met 1 duiwe te vermag het. Tans vanaf 2016 is ek besig om myself as beoordelaar op skoue te kwalifiseer en kan reeds 9 duiweASSE beoordeel. My mikpunt is om ook Nasionale kleure vir beoordeling te verwerf. Ek het ook in administrasie verdere erkenning ontvang deur 'n verdere Nasionale toekenning in die silwer



My Duiwe Boerdery

Die Heilige Gees het volgens die Bybel in die vorm van 'n duif neergedaal,
Min het ek geweet dat die duif deel sal wees van my lewensverhaal,

As kind was dit deel van ons familie se daaglikse doen en late,
Om te versorg en te bemoei met die eenvoudige verhaal van die duif tot 'n groot mate

As kind het die duif my betower en geroer,
Veral met die manier van sy kleintjies voer,

Skoon water en vars kos elke dag,
Dit was al wat hulle van ons verwag

klas te ontvang vir die jare diens gelewer aan die sport.

Sedert 1980 het ek vir die maatskappy Stewarts en Lloyds as Admin bestuurder, aankoper en voorraad kontroleur gewerk tot die einde 1988 waarna ek so vir 3 jaar versekerings verkoop het om verkoops ondervinding op te doen en in 1991 begin ek my eie slaghuis met die naam Bosveld slaghuis in een van Nelspruit se koop sentrums. Die slaghuis het my en my gesin goed gedra vir 10 jaar waarin ons geen verlof gehad het nie en het ons op die ou end nie meer kans gesien om 7 dae per week aan diens te wees nie.

Op 6 Januarie 2002 het ek my besigheid waarin ek tans nog steeds aktief werk begin genaamd Fence – Sure. My besigheid behels die verskaffing en oprigting van alle tipe heinings vanaf 10m tot so groot soos die klient wil hê. Die grootste heinig wat ons tot dusver gedoen het was 18 km.

Net so klein stukkie ander nuus, ek en my vrou het in die 46 jaar wat ons getroud in nog nooit verhuis nie en is ook die trotse groot ouers van 4 pragtige kleinkinders. Al 3 ons kinders woon in Nelspruit en die 2 seuns woon hier by ons op die plot. Ons dogter en haar man en dogterjies woon in die dorp.

Liefde in oorfloed het ek van hulle ontvang,
Soveel so dat hulle al dertig plus jaar deel is van my lewensgang,

Teel seisoen is die hoogtepunt van die jaar,
In die skou seisoen word al die kampioene verklaar,

Tot die dood my eendag kom haal,
Sal hulle deel wees van my in elke kwaal,

Vol pyne en skete sal ek soms wees,
Maar altyd sal daar duiwe in my hokke wees.

Dankie Vader vir dit wat u op my lewenspad bepaal,
So ook my duiwe wat my soms laat verdwaal.

My familie neem my kwalik oor die tyd en geld wat ek spandeer,
Maar sal hulle ooit kan verstaan dat ek elke veertjie waardeer,

'n God gegewe taak beskou ek dit om my diere te verstaan,
Want indien ek afdwaal sal Hy vermaan,

Geen verwyd kom ooit van my geveerde vrinde,
Al is ek soms nie in die hokke te vinde .



Noordkaap lede.
Seppie Esterhuysen

wat 'n hengse klomp geld was daardie tyd, 'n volle R2 vir 4 duiwe.!!! Sy pa was glad nie ingenome met die kopie nie en hul summier weggee. Sy hart



was seer totdat sy pa omtrent 'n maand later daar opdaag met Saddleback waaiersterte, verskeidenheid kleure wat hy op Leandra gekoop het. Hul merke was perfek, maar tipe was nie na wense nie. Nie lank daarna neem sy pa hom na oom Dirk Ackerman wat 'n groot verskeidenheid duiwe het. Vinig skaf hy Rollers aan en begin aktief deelneem aan kompetisies. By dieselfde oom Dirk koop hulle Runts en Norwich Kroppers. Modenas word gekoop by Eukermans, verskeidenheid kleure. Met die plaaslike Landbouskoue gaan dit baie goed en die saadjie is permanent geplant. Al wat n duif is, is mos mooi en Sjinese uiltjies kry ook 'n plek.

Johan Brits



Johan Brits is gebore en het skool gegaan te Bethal, Mpumalanga en gematrikuleer in 1976.

Sy pad met duiwe het begin gedurende 1966 toe hy Fantails by 'n ou oom gekoop het vir 50c 'n duif,



South African Rare Breeds Club
Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub
Established * 1988 *** Gestig**

We endeavour to enhance the following rare breeds
Ons bevorder die volgende skaarsrasse



Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soutz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad

For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak
President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910
Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214

Julie 2019

Nadat hy huis verlaat het vir sy beroepslewe bly sy duiwe maar intussen by sy pa wat na aftrede aktief Rollers vlieg en skou met Modenas, Sjinese



Uiltjies, Waaiersterte.

Hy trou intussen en verhuis na 'n paar jaar na Evander, waar hulle ook 'n baie goeie Rollerklub het. Daarna volg Ermelo en duiwe gaan saam. Sy gesin brei uit met 2 pragtige dogters. Soos hy die leer klim in die beroepslewe bly duiwe maar deel

van sy lewe en pappegaaie kom ook by.

Duisende kilometers word nou afgelê agter duiwe en skoue aan. So koop hy later Modenas by oom Frik Knoetze, Saalrug Waaiers by Ken Rosevear, Stert gemerkte waaiers by Jaap Smit, Swart Waaiers by oom Coen Butler, Satinette, Blondinette by oom Lance Orchard en by Dawid Malan ook 'n klompie waaiersterte. Nog die einde niet en 'n klompie Gimpels en Holle kroppers van oom Dave Meads. Die versameling hou net nie op nie en Jakobyne, Nonne, Mookees en nog Birmingham Rollers kry ook n tuiste. Baie goeie Mottle Modenas kom van Louis Koen. Kartelrûe word ook aangekoop, maar baie duur skoolgeld word betaal, soos ons almal maar al deur is.

Gedurende 1987 is hy reklame beamppte van Noord Transvaal. Met streekskoue gaan dit goed. Intussen verkry hy beoordeelaarsertifikate vir Waaiersterte, Jakobyne, Sjinese Uiltjies, Mookees en Birmingham Rollers.

Johan en sy familie verskuif na Kimberley en sy werk neem al sy aandag in beslag en later laat gaan hy al sy duiwe!!!! Boer is mos maar almal se passie en hy skaf n kleinhoewe aan te Ritchie (1995). Min wetende dat 'n kleinhoewe 'n plaas se uitgawes het, maar 'n kleinhoewe se inkomste. Lusern en groente word verbou.

Hy word die "victim van Retrenchment ". Gelukkig het hy nog die kleinhoewe en die "boerdery" gaan aan. Papegaaie word nou sy hoofbedryf, maar soos die ou oom gesê het dit is net 'n outcome met geen income. So 3 jaar gelede byt die duiwegogga weer nadat hy al die ou Sierduif boekies en sertifikate uit die argiewe delf. Hy kry duiwe vanaf Andre Bruwer, Attie van Aswegen, Nardus Marais en Phillip Lee, koop ook Waaiers aan van Peet Botha en Rollers van Awie Smal.


Hy hoop net die pappegaaie wil saamspeel en broei, die boerdery "hobby" bestaan uit Macaws, African Greys, Amzones, Kaketoës, Conures, Derbyans, ens.

Soos met baie duiweboere in die Noordkaap bly afstand 'n probleem en baie lede is maar vê van sy medelede. Mens mis die samesyn, uitsoek van aanteel en lekker kuiers.

Leer vandag om iemand se spanmaat te word

Ou vriende en lag plooitjies is die lewe se beste "trofee"

Ewalt Maritz




Ewalt Maritz is 'n boer en boer saam met sy pa en broer tussen Griekwastad en Groblershoop so 200 km vanaf Upington. Hulle boer met skaap, bees en hyself ook met bokke, Cape lobbed Ears (sien foto) sy passie!!! Ewalt kom met die geveerdes vanaf kindsbeen, duiwe, pluimvee en allerhande soorte vinkies.



Sy eerste kennismaking met duiwe was 'n paar modena's in 'n petshop!!!

Vir hom het dit soos hoenders gelyk en sommer die naam hoeder duiwe aan hulle gegee!!!! Tipies

Modena, geen nageslag uit die 2, gelukkig het dit nie sy passie vir duiwe benadeel nie. Gelukkig het ander duiwe gevolg, maar die skoolganery in die week op die dorp en net naweke by die huis het die duiwe nooit werklik die aandag gekry nie. Hoe sit en kyk jy duiwe en pa en boetie boer, so hy moes vakansies en naweke sy kant bring by die boerdery, die duiwe het die krummles van sy aandag gekry.



Ewalt is intussen getroud, 2 kinders, en iewers die jaar het duiwe weer kom nesmaak in sy kop. Die modena-gogga wou nie gaan lê nie. Hy het my gekontak en ek het hom 2 pare modena's gegee. Hierdie spannetjie was gelukkig vrugbaar en daar loop al 'n paar modena kuikens in sy hokke rond. Die gevolg was 'n lid het aangesluit. Sy buurman is Leendert Snyman en ek glo die 2 broei mekaar

Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483



warm oor duiwe.



Daar was 'n Red check opal grizzle wyfie in die groepie en die het hom bietjie na kleure laat begin kyk. Sy oproep aan my, "Oom, waar kan ek Argents in die hande kry?", het my na my asem laat snak,

'n beginner en jy soek na Argents, skaarser as ho-
endertande in Suid-Afrika en 'n moeilike kleur om
mee te teel en om die tipe te verbeter!! Uiteinde-
lik maak hy kontak met Lappies, die help hom met
sy eerste Argents. As hy so toegewyd is met die
Argents soos hy met sy Cape Lobbed Ear bok-
ke wat hy opgeteel het vanaf 2007 vanaf minder-
waardige bokke tot een vd die beste stoeterie in
die land, dan glo ek hy gaan slaag. Hy is passievol
oor sy bokke, ongelooflike kleurvariasie met goeie
moedereienskappe. My raad sal wees, maak kon-
tak met die ander Argent telers in die land, daar
is weinig, en span saam om die kleurgroep te laat
herleef.

So baie keer kla nuwe lede dat hul nie toegang tot
teelmateriaal of raad en inligting ens kry van besta-
ande telers of groepe nie. Ewalt se ondervinding
is presies die teenoorgestelde. As dit nie was vir
die ondersteuning van lede, die genootskap en
whatsapp-groepe nie het hy dalk al opgehou of
daar op sy eie aangeploeter. Hy was verras vir die
bereidwilligheid van lede om inligting te verskaf. Hy
glo daaraan om betrokke te wees, so ons sien jou
volgende jaar by Noordkaap-skou, end April 2022
te Upington.


Gerhard van Aswegen

Teel met Norwich Cropper, Brunner,
Working Homer, Oriental Roller,
Holle Cropper, American Showracer,
Chinese Owl, en Stargard Shaker,
Kontak besonderhede:

Sel: 082 921 1747

E-mail: gjtlofts7@gmail.com

Januarie 2021



MODENESERKLUB VAN S.A.

President: Jan Lombard - 083 274 1014

Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928

DIE PERFЕКTE RAS:

Top kwaliteit Europese Bloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeid-
enheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas

What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?
The perfect bird!

Julie 2020

*As jy jou ware self altyd vir ander verberg,
kan jy jouself later nie meer vind nie*

*Die woord "genade" beklemtoon terselfdertyd die hopelose armoede van die
mensdom en die grenslose liefde van ons God*



Noordkaap – Kimberley

Rudi Viviers

Dit is net uit nederigheid dat ek hierdie artikel plaas.

Ek is van kleintyd af baie lief vir duive maar weens omstandighede was dit nie moontlik om my passie en liefde uit te leef nie. Toe ek later jare na Kimberley verhuis en my pragtige vrou ontmoet het was dit uiteindelik tyd om met my geliefkooste stokperdjie te begin. Ek het my eerste paar Runts in Upton aangekoop en later van tyd my eerste paar Grosse gekry by oorlede Oom Danie Visser se Pa, Oom Kotie Visser...dit is waar alles begin het met my groot liefde vir Grosse. Ek het baie hulp en insig by verskeie mense ontvang naamlik wyle Oom Wynand Wessels, wyle Oom Ben de Lange, wyle Chris van den Berg, wyle Basie de Lange sowel as Lourens Muller, Chris van der Walt, Rodney Stevens, Christo Munnik. Dit is maar net 'n paar van die persone wat hulp verleen het om te kom waar ek vandag is. Ek het baie vinnig agtergekom dat 'n mens nie net sommer wenners en kampioene teel nie, dit vat baie jare en baie probeerslae om die gehalte duive te teel waarop ek vandag trots kan wees.

Grosse is my persoonlike gunsteling ras maar ander rasse waarvoor ek ook lief is, is Archangels, Damascene, Satinette en Blondinette. Bertus Pretorius van Prieska het baie kennis oor Archangels en het my baie gehelp.

Die heel eerste skou waaraan ek deelgeneem het was in 2002 waarin my duive baie goed gevaar het. In 2020 het ek ook die aanlyn kompetisie gewen. My vrou Anna en kleinseun Marno het ook 'n

groot invloed oor die jare gehad as dit gekom het by duiweskou en teel.

Die standaard verskil baie van Suid Afrika en oors ee en daarom wil ek my twee vriende van Hongarye naamlik Zoltan Hock en Bodor Tibor hartiglik bedank.

Dit was altyd een van my drome en begeertes om met Grosse te teel en op die einde van die dagte danke aan God en die insigte en hulp van my vriende en familie het ek dit reg gekry om kampioene te teel.

Fluit fluit my storie is uit maar ek deel graag met julle 'n paar fotos van my trots.



Ek en my kleinseun Marno



Corrie Oosthuizen
Breeder of True Performing
Birmingham Rollers

Contact Details:
9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein
Cell: 076 889 4199
e-mail: corrie.g2018@gmail.com



Januarie 2021



The Fancy Pigeon

Die Sierduif



Wes-Transvaal "Squicker" Jongduifskou

16 Oktober 2021

Marleen Esterhuizen

Region

Noord Kaap

Noord Van Die Vaal

Noord Vrystaat

Wes Transvaal

Exhibitors Entries

1 7

11 140

9 90

5 81

Met die lockdown wat weer sy tol geeis het was ons as streek baie gelukkig om weereens 'n skou tekon aanbied. Daar was in totaal 318 duiwe wat bestaan het uit 6 junior rasse en 42 senior rasse wat deur 26 vertoners vertoon was. Aan al die vertoners sê ons baie dankie. 'n Groot dankie ook aan almal wat as beoordeellaars opgetree het asook aan oom Chris de Bruin wat die hoof beoordeling gedoen het. Aan almal wat betrokke was by die skou – of jy nou in die kombuis was, by die admin tafel, as steward opgetree het, of waterbakke in die hokke gesit het, asook die groep wat die saal opgeslaan en afgebreek het na die tyd kan ons net sê baie dankie. Dit was letterlik 'n kuier naweek wat al die Vrydagmiddag begin het. Soos wat Rob op die geselsgroep gesê het – dit was net wat die dokter bestel het. Dankie ook aan Phillip vir die skenking wat hy gemaak het vir die Vrydagaand, ons waardeer dit opreg.



**South African Blower Club
Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub
Established *** 1988 *** Gestig**



**We promote the following Blower Breeds
Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter

For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak

President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919

Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229

Julie 2020

Senior Breed winners

Breed	Class	Colour	Sex	Name
Brunner Pouter	1	Black	YH	Robertson Lofts
Norwich Cropper	50	Black	YC	GJT Lofts
Holle Cropper	146	Mealy	YC	GJT Lofts
Voorburg Shield Cropper	234	AO Standard Colour Bar	YC	Marleen Esterhuizen
Marchenero Pouter	301	AO Standard Colour	YH	Robertson Lofts
Canaria Cropper	314	White Self	YC	Robertson Lofts
King	365	Blue Bar	YH	Hein Hoffman
Gros Mondain	405	Grizzle Any Shade	YH	Jaco Bester
Runt	417	Silver Bar	YH	Round Belly Farms
American Giant Runt	453	Grizzle Any Shade	YH	Chris de Bruin
Mookee	465	Brown Self & Dun Self	YH	NARDUS MARAIS
Dragoon	526	Blue & Silver Check	YC	Wesmar Boerdery
African Toy	577	White Self	YH	Hein Hoffman
Modena - Gazzi Marked	797	Russet Tri-Colour	YH	Heinrich Moldenhauer
Modena - Schietti Marked	853	Blue	YH	Heinrich Moldenhauer
English L/F Tumbler - C/L	977	Barred or Check	YH	Nicolette Sobreira
Vienna L/F Tumbler - C/L	1081	Any Standard Colour Bar	YH	Round Belly Farms
Vienna L/F Tumbler - Muffed	1089	Any Standard Colour	YH	Estreux Boerdery
Oriental Roller	1194	Red or Yellow Agate	YC	GJT Lofts
Portuguese Tumbler	1205	Any Standard Colour	YH	Chris de Bruin
Old German Owl	1277	Any Other Standard Colour	YH	Leendert Snyman
Oriental Frill - Satinette	1301	Black Laced & Dun Laced	YH	Shaun Smeda
Oriental Frill - Blondinette	1326	Red/Yellow/Khaki Laced L/T	YC	SHAUN SMEDA
Italian Owl	1337	Any Standard Colour	YH	Leendert Snyman
Chinese Owl	1366	Blue Check	YC	Andries Cilliers
Birmingham Roller	1394	Blue	YC	Karel-Jan Smeda
SA Distance Roller	1429	ASC Grouse Feathered	YH	Tommy Laubscher
German Beauty Homer	1445	Mealy	YH	Hein Hoffman
Working Homer	1510	Any Standard Colour Bar	YC	Andries Cilliers
Syrian Dewlap	1557	Any Standard Colour	YH	Estreux Boerdery
American Show Racer	1589	Blue Check	YH	GJT Lofts
Arabian Trumpeter	1733	Any Standard Colour Self	YH	Estreux Boerdery
Cauchois	1782	Bronze-Tri Colour	YC	Chris de Bruin
Old Dutch Capuchine	1858	Red	YC	Ds Hennie Hattingh
Modeneser	1925	Any Standard Colour Gazzi	YH	Round Belly Farms
Danzig High Flyer	1965	Any Other Standard Colour	YH	Chris de Bruin
Dutch High Flyer	1985	Red Rose-Wing Teagered	YH	Chris de Bruin
Coburg Lark	2010	Any Standard Colour	YC	Jaco Bester Breed
Swiss Mondain	2089	White Self	YH	Estreux Boerdery
Frillback	2146	Any Other Standard Colour	YC	Jaco Bester

Junior Breed winners

Breed	Class	Colour	Sex	Name
Brunner Pouter	2322	Any Standard Colour	YC	PB Marais
Gros Mondain	2413	Any Standard Colour	YH	Mari Wessels
Mookee	2426	Any Standard Colour	YC	K & R Boerdery
Birmingham Roller	2703	Any Standard Colour	YH	Karel-Jan Smeda
Working Homer	2731	Any Standard Colour	YH	PB Marais
American Show Racer	2772	Any Standard Colour	YC	PB Marais

Senior Top Seven Awards

Award

Champion on Show
Reserve Champion
2nd Reserve Champion
3rd Reserve Champion
4th Reserve Champion
5th Reserve Champion
6th Reserve Champion

Breed

Holle Cropper
Mondena - Gazzi Marked
Dragoon
Chinese Owl
King
Italian Owl
Marchenero Pouter

Ring no Name

2354/20 GJT Lofts
1465/20 Heinrich Moldenhauer
107/21 Wesmar Boerdery
1107/20 Andries Cilliers
1062/21 Hein Hoffman
1342/21 Leendert Snyman
2464/20 Robertson Lofts

Junior Top Four Awards

Award

Champion on Show
Reserve Champion
2nd Reserve Champion
3rd Reserve Champion

Breed

American Show Racer
Birmingham Roller
Gros Mondain
Mookee

Ring no Name

2252/20 PB Marais
1168/21 Karel-Jan Smeda
771/21 Mari Wessels
429/21 K&R Boerdery





The Fancy Pigeon

Die Sierduif



***Dit is nie wat ons opbou in hierdie wêreld wat ons ryk maak nie,
maar wat ons opoffer.***

Die tyd is altyd reg om goed te doen



Genetics 101
2. Pattern series
T-check (C^T)
Check (C)
Bar (C⁺)
Barless (c)

Charl Cillie

Just like the base colour each bird possesses a pattern, even a white bird has a patten underneath that is masked. With the patterns it is the same as with the base colour T-check is the most dominant so all the other patterns can be bred out of a T-check, but you need a T-check to breed T-check. So, it also works like a stepladder with T-check at the top an barless at the bottom you can breed the same and everything below the pattern you use but you cannot breed upwards.

Pattern series	Parent 1	Parent 2	Chicks
T-check	T-check	T-check	100% T-check
T-check	T-check	Check	100% T-check d. check
T-check	T-check	Bar	100% T-check d. bar
T-check	T-check	Barless	100% T-check d. barless
Check	Check	Check	100% Check
Check	Check	Bar	100% Check d. bar
Check	Check	Barless	100% Check d. barless
Bar	Bar	Bar	100% Bar
Bar	Bar	Barless	100% Bar d. barless
Barless	Barless	Barless	100% Barless
T-check	T-check	T-check d. check	50% T-check 50% T-check d. check
T-check	T-check	T-check d. bar	50% T-check 50% T-check d. bar
T-check	T-check	T-check d. barless	50% T-check 50% T-check d. barless
T-check	T-check	Check d. bar	50% T-check d. check 50% T-check d. bar
T-check	T-check	Check d. barless	50% T-check d. check 50% T-check d. barless
T-check	T-check	Bar d. barless	50% T-check d. bar 50% T-check d. barless
T-check d. check	T-check	T-check d. check	25% T-check 50% T-check d. check 50% check
T-check d. check	T-check	T-check d. bar	25% T-check 25% T-check d. check 25% T-check d. bar 25% Check d. bar

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

T-check d. check	T-check d. barless	25% T-check 25% T-check d. check 25% T-check d. barless 25% Check d. barless
T-check d. check	Check	50% T-check d. check 50% check
T-check d. check	Check d. bar	25% T-check d. check 25% T-check d. bar 25% Check 25% Check d. bar
T-check d. check	Check d barless	25% T-check d. check 25% T-check d. barless 25% Check 25% Check d. barless
T-check d. check	Bar	50% T-check d. bar 50% Check d. bar
T-check d. check	Bar d. barless	25% T-check d. bar 25% T-check d. barless 25% Check d. bar 25% Check d. barless
T-check d. check	Barless	50% T-check d. barless 50% Check d. barless
T-check d. bar	T-check d. bar	25% T-check 50% T-check d. bar 25% bar
T-check d. bar	T-check d. barless	25% T-check 25% T-check d. bar 25% T-check d. barless 25% Bar d. barless
T-check d. bar	Check	50% T-check d. check 50% Check d. bar
T-check d. bar	Check d. bar	25% T-check d. check 25% T-check d. bar 25% Check d. bar 25% Bar
T-check d. bar	Check d barless	25% T-check d. check 25% T-check d. barless 25% Check d. bar 25% Bar d. barless
T-check d. bar	Bar	50% T-check d. bar 50% Bar
T-check d. bar	Bar d. barless	25% T-check d. bar 25% T-check d. barless 25% Bar 25% Bar d. barless
T-check d. bar	Barless	50% T-check d. barless 50% Bar d. barless

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axness.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

T-check d. barless	T-check d. barless	25% T-check 50% T-check d. barless 25% Barless
T-check d. barless	Check	50% T-check d. check 50% Check d. barless
T-check d. barless	Check d. bar	25% T-check d. check 25% T-check d. bar 25% Check d. barless 25% Bar d. barless
T-check d. barless	Check d barless	25% T-check d. check 25% T-check d. barless 25% Check d. barless 25% Barless
T-check d. barless	Bar	50% T-check d. bar 50% Bar d. barless
T-check d. barless	Bar d. barless	25% T-check d. bar 25% T-check d. barless 25% Bar d. barless 25% Barless
T-check d. barless	Barless	50% T-check d. barless 50% Barless
Check	Check d. bar	50% Check 50% Check d. bar
Check	Check d. barless	50% Check 50% Check d. barless
Check	Bar d. barless	50% Check d. bar 50% Check d. barless
Check d. bar	Check d. bar	25% Check 50% Check d. bar 25% Bar
Check d. bar	Check d. barless	25% Check 25% Check d. bar 25% Check d. barless 25% Bar d. barless
Check d. bar	Bar	50% Check d. bar 50% Bar
Check d. bar	Bar d. barless	25% Check d. bar 25% Check d. barless 25% Bar 25% barless
Check d. bar	Barless	50% Check d. barless 50% Bar d. barless
Check d. barless	Check d. barless	25% Check 50% Check d. barless 25% Barless
Check d. barless	Bar	50% Check d. bar

		50% Bar d. barless
Check d. barless	Bar d. barless	25% Check d. bar 25% Check d. barless 25% Bar d. barless 25% Barless
Check d. barless	Barless	50% Check d. barless 50% Barless
Bar	Bar d. barless	50% Bar 50% Bar d. barless
Bar d. barless	Bar d. barless	25% Bar 50% Bar d. barless 25% Barless
Bar d. barless	Barless	50% Bar d. barless 50% Barless



Juniors in die SASV

Attie van Aswegen

Juniors (onder 18 jaar) van ooral in Suid-Afrika:

As u meer oor Sierduiwe wil weet, is u op die regte plek.

Die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging beywer hom om 'n liefde en passie vir Sierduiwe onder die Jeug te kweek met die oog op die verbetering van die kwaliteit en die standaard daarvan deur wedersydse hulp en advies van lede.

Die SASV het 'n Jeugforum op die been gebring om die jeug te help met behulp van die Streekverteenwoordigers van elke streek. Die Jeugforum, bestaande uit die Nasionale Jeugforum Verteenwoordiger en die Streekverteenwoordigers, sal poog om deurlopend met Juniors in verbinding te bly en hulle te help waar moontlik.

Die boek, "Handleiding vir die skou van Sierduiwe" is opgestel om die SASV se Juniors en die Jeug wat betrokke is by Jeugskoue van inligting te

voorsien hoe om met sierduiwe te begin boer, die duifrasse te leer ken, standaarde te ken, duiwe te versorg en vir siektes te behandel en voorbereiding voor 'n skou.

Die SASV wil ook poog om die SASV se Jeug betrokke te kry by die Nasionale Jeugskou Vereniging (Landbou Jeugvereniging) se Jeugskoue wat deur die Landbou Skole aangebied word; ook waar ander skole se Jeug betrokke kan wees. Voorts word gepoog om die Jeug van die Jeugskou Vereniging weer betrokke te kry by die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging.

Deur by albei die organisasies betrokke te wees, kan die Jeug se betrokkenheid by diere en voëls net sterker word. So is daar ook 'n boek beskikbaar vir diegene wat met Wedvlugduiwe by die Jeugskou Vereniging wil skou.

Die Juniors moet die "Handleiding vir die skou van Sierduiwe" ken. Dit is om elke Junior te help om sy duiwe goed te ken en eendag die SASV verder op te bou. Die SASV se Jeug is die toekoms van die SASV en hoe meer kennis hulle van jongsaf opdoen, hoe meer gaan hulle later vir die SASV beteken. Kennis kan nie van jou weg geneem word nie. Vir meer inligting, kontak:

Attie van Aswegen by 082-4118483 of attievanaswegen@gmail.com

U kan ook die onderskeie Streekverteenwoordigers kontak deur hier te klik en dan vas te stel wie moet u kontak

